Bib. 150/89

Saaknommer 158/89

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(APPèLAFDELING)**

In die saak tussen:

**ELLISPARK STADION BEPERK** Appellant

en

**DIE MINISTER VAN JUSTISIE** Respondent

**CORAM:** HOEXTER, HEFER, VIVIER, MILNE, ARR
*et* NICHOLAS, Wnd AR

**VERHOOR:** 5 September 1989

**GELEWER:** 24 November 1989

---

**U I T S P R A A K**

**HOEXTER, AR** .............

HOEXTER, AR,

Kragtens art 46(3)(a) van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 74 van 1982, en by Staatskennisgewing No 621 van 1988 ("die kennisgewing") het die Minister van Justisie 'n verbod geplaas op:-

> "...enige byeenkoms in die Republiek gedurende die tydperk 1 April 1988 tot en met 31 Maart 1989, behalwe enige byeenkoms vir die doeleindes van 'n bona fide-sportgeleentheid of wat in 'n begraafplaas plaasvind vir die doeleindes van 'n begrafnis of wat binne 'n gebou gehou word..."

Luidens die kennisgewing was gemelde verbod nie van toepassing nie op enige byeenkoms wat die Minister van Justisie of die landdros van die distrik waarin die byeenkoms gehou staan te word, te eniger tyd uitdruklik magtig.

Die appellant is 'n maatskappy wat sake doen onder meer as 'n aanbieder van sportbyeenkomste en allerlei vermaaklikheid. Gedurende Januarie 1989 was die appellant, in

medewerking......

medewerking met drie ander instansies, van voorneme om op 4 Maart by die Ellispark-Stadion 'n musiekfees ("die konsert") wat onder die naam "The Human Rainbow Concert in the Park" bekend sou staan, aan te bied. Die konsert sou van 10 vm tot 10 nm duur en in die loop daarvan sou vele orkeste asook individuele kunstenaars beurtelings nommers voordra. Een van die appellant se medewerkers was die "South African Musicians Alliance" ("SAMA"). Toegangskaartjies teen R12 stuk is aan die publiek verkoop en 'n gedeelte van die toegangsgelde sou ten bate van SAMA aangewend word met die oog op die stigting van 'n pensioenfonds, 'n mediese fonds, en versekering van sy lede se musiekinstrumente. Gedagtig aan die verbod in die kennisgewing vervat ("die verbod") het die appellant geglo dat magtiging vir die hou van die konsert regtens 'n voorvereiste was; en op 30 Januarie 1989 het die appellant se bestuurder namens die appellant 'n brief aan die hooflanddros van Johannesburg gerig waarin magtiging vir die hou van die konsert aangevra is. Op 21 Februarie 1989 het die

hooflanddros die appellant in kennis gestel dat hy nie bereid was om magtiging vir die hou van die konsert te verleen nie. Op dieselfde dag het die appellant regsadvies ingewin. Deur sy regsadviseurs is die appellant meegedeel dat die verbod nie die hou van die konsert raak nie; en dat geen uitdruklike magtiging daarvoor nodig was nie.

Vervolgens het die appellant 'n dringende aansoek geloods. By kennisgewing van mosie het die appellant op 23 Februarie 1989 by die hof a quo aangeklop. Teen die Minister van Justisie (as eerste respondent) en die hoof-landdros van Johannesburg (as die tweede respondent) het die appellant o a 'n verklarende bevel aangevra dat die verbod nie op die konsert van toepassing is nie en dat die hoofland-dros se weiering om magtiging te verleen regtens op 'n nietigheid neerkom. Die respondent het die aansoek bestry. Na aanhoor van argument het die hof a quo (PUCKRIN, Wn R)

beslis............

beslis dat die konsert wel 'n "byeenkoms" is soos by art 1 van Wet 74 van 1982 bedoel, en hy het die aansoek met koste van die hand gewys. Die kostebevel het die koste van twee advokate ingesluit. Die uitspraak van die hof benede is sub nom "Ellis Park Stadium Ltd v Minister of Justice and Another" in 1989(3) SA 898 (T) gerapporteer. Met verlof van die hof a quo kom die appellant voor hierdie hof in hoër beroep.

Kort voordat die appellant se aansoek aangehoor is, het die tweede respondent 'n beantwoordende verklaring ingedien. Die hoofinhoud daarvan kom op die volgende neer. Die laaste soortgelyke musiekfees wat in die Ellispark-Stadion gehou is, het op 11 Januarie 1986, met toestemming van 'n voormalige waarnemende hooflanddros van Johannesburg, plaasgevind. Die tweede respondent het inligting bekom dat laasgenoemde musiekfees deur grootskaalse dwelmmisbruik,

drankmisbruik........

drankmisbruik, rassekonflik, bakleiery en openbare onrus gekenmerk is. Mense wat nie toegang tot die stadion kon verkry nie, het buite die stadion saamgedrom en by vier geleenthede was dit noodsaaklik om traanrook te gebruik. Na deeglike oorweging van al die relevante inligting, aldus die tweede respondent, was hy bevrees dat die konsert dieselfde of selfs nog 'n groter versteuring van die openbare rus tot gevolg sou hê. Na sy mening het die feite daarop gedui dat by die konsert 'n uiters plofbare situasie sou kon ontstaan wat selfs die gevaar van lewensverlies sou inhou. By sy beantwoordende verklaring het die tweede respondent 'n beëdigde verklaring van 'n brigadier in die Suid-Afrikaanse Polisie gevoeg waarin die verklaarder die mening uitgespreek het dat die hou van die konsert waarskynlik 'n ernstige versteuring van die openbare rus tot gevolg sou hê. Die appellant het verkies om geen repliserende

beëdigde ........

beëdigde verklaring ter weerlegging van die bewerings in die beantwoordende verklaring vervat, in te dien nie. Hy het ook nie die toelaatbaarheid daarvan betwis nie. In die lig hiervan het PUCKRIN, Wn R die feite van die geval soos volg (op 901F) benader:-

> "I must emphasise that as a consequence of the aforegoing I am bound to accept as correct the version of the facts put forward by the second respondent."

Wat betref die aard van die konsert, die beweegredes van die musiekliefhebbers wat dit sou wou bywoon, en die oogmerke van die organiseerders, het PUCKRIN, Wn R in billikheid teenoor die appellant die volgende aanvaar (op 902I-903A):-

> "The second respondent's refusal to grant permission and the effect of my order are such that it is highly improbable that the concert will now be held. Not only have the many musicians who were invited to participate been deprived of an opportunity to perform at the concert, but literally thousands of members

of.......

of the public have likewise been disappointed. I accept without reservation that the vast majority of such persons had no motive other than the entirely legitimate desire to hear their favourite musicians perform in a congenial atmosphere. I also accept without reservation the argument by Mr Van Wyk, who appeared on behalf of the applicant, that the organisers of the concert intended to foster harmonious relations between the various population groups and not to cause conflict between them."

Die bepalings van art 46(3) van Wet 74 van 1982 lees soos volg:-

"Die Minister kan, indien hy dit nodig of dienstig ag in die belang van die veiligheid van die Staat of vir die handhawing van die openbare rus of ten einde te voorkom dat vyandiggesindheid tussen verskillende bevolkingsgroepe van die Republiek veroorsaak, aangemoedig of aangestook word -

(a) enige byeenkoms in enige gebied; of

(b) ŉ bepaalde byeenkoms of enige byeenkoms van ŉ bepaalde aard, klas of soort op ŉ bepaalde plek of in ŉ bepaalde gebied of waar ook al in die Republiek,

gedurende enige tydperk of op enige dag of gedurende bepaalde tye of tydperke binne enige

tydperk ......

tydperk verbied op 'n wyse bepaal in subartikel (2)(a), behalwe in die gevalle wat in die betrokke verbod deur die Minister bepaal word, of wat die Minister of 'n landdros wat ooreenkomstig die Minister se algemene of spesiale voorskrifte optree, te eniger tyd uitdruklik magtig."

(In art 1 van die Wet word "Minister" as die Minister van Wet en Orde omskryf, maar kragtens sy grondwetlike magte het die Staatspresident die Minister van Wet en Orde se bevoegdhede ingevolge die Wet aan die eerste respondent toegewys.)

Die relevante gedeelte van die omskrywing van "byeenkoms" in art 1 van die Wet lees soos volg:-

"In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:-

'byeenkoms', by die toepassing van -

(a) artikels ........46(3)(b) .......
enige byeenkoms, toeloop of optog van enige getal persone;
(b) 'n ander bepaling van hierdie Wet, 'n byeenkoms, toeloop of optog van enige getal persone met 'n gemeenskaplike doel, hetsy so 'n doel wettig of onwettig is;"

By........

By oorweging van art 46(3) van die Wet saam met die verbod, is dit duidelik dat die enger omskrywing van "byeenkoms" soos in (b) van die definisie hierbo bedoel, op die onderhawige geval van toepassing is.

Daar is 'n reeks beslissings van hierdie hof wat pertinent gaan oor die vraag wat by die onderhawige appèl ter sprake kom. In 'n weldeurdagte uitspraak in die hof benede het PUCKRIN, Wn R sy aandag veral toegespits op 'n trilogie van sake wat in die tydperk 1955-1963 beslis is; en die belese regter het vervolgens op die vraag ingegaan in hoeverre die standpunte daarin gestel herbeskouing verg in die lig van 'n daaropvolgende beslissing in die jaar 1980. Vir doeleindes van die onderhawige appèl is dit nodig om elkeen van hierdie vier gewysdes onder die loep te neem.

Die drietal gewysdes bestaan uit R v Kahn 1955(3) SA 177(A); R v Lan 1956(2) SA 246(A); en Dudley v Minister

of ..............

<u>of Justice</u> 1963(2) SA 464(A). Elkeen van hierdie drietal was ŉ eenparige beslissing van vyf lede van hierdie hof. Die vierde gewysde is <u>S v Ziggolo en Andere</u> 1980(1) SA 49(A), ŉ eenparige beslissing van drie lede van hierdie hof. In die <u>Kahn</u>-saak was die appellant kragtens die bepalings van Wet 44 van 1950 verbied om vir twee jaar enige byeenkoms in die land by te woon. Ter sprake in die saak was die omskrywing van ŉ byeenkoms ("gathering") in Wet 44 van 1950 ("enige byeenkoms, toeloop of optog ..... van enige aantal persone wat ŉ gemeenskaplike doel voor oë het, hetsy so ŉ doel wettig of onwettig is") welke omskrywing wesenlik gelykluidend is met die omskrywing van "byeenkoms" waaroor dit in die onderhawige saak gaan. In sowel die <u>Lan</u>-saak as die <u>Dudley</u>-saak het hierdie hof weer te make met die vraag of ŉ samesyn van persone neerkom op ŉ "byeenkoms" soos by Wet 44 van 1950 bedoel. In die <u>Ziggolo</u>-saak was die Wet op Oproerige Byeenkomste 17 van 1956 ter

sprake.......

sprake, en die vraag was of die appellante ꞌn "byeenkoms", soos by art 1 van daardie Wet bedoel, bygewoon het. Weer eens was die omskrywing van "byeenkoms" - naamlik: "ꞌn byeenkoms, toeloop of optog van enige getal persone met ꞌn gemeenskaplike doel, hetsy so ꞌn doel wettig of onwettig is" - wesenlik gelykluidend met dié in die onderhawige geval.

Voorts is dit nodig om elkeen van die hierbogenoemde beslissings agtereenvolgens breedvoerig te bekyk en om die ratio decidendi van elkeen te probeer bepaal.

(1) DIE KAHN-SAAK

In die streekhof het die appellant tereggestaan op ꞌn aanklag dat hy in stryd met die bepalings van Wet 44 van 1950 ꞌn verbode byeenkoms bygewoon het. Die streeklanddros het die appellant skuldig bevind en die appellant se appèl daarteen is deur die Kaapse Provinsiale Afdeling

afgewys..........

afgewys. Met verlof van laasgenoemde het die appellant na hierdie hof in hoër beroep gekom. Sy appèl het geslaag en sy skuldigbevinding is deur hierdie hof tersyde gestel. Die samesyn van persone waaroor dit in die Kahn-saak gegaan het, was 'n geselligheid by 'n private woonhuis in Kaapstad wat deur ongeveer sestig mense, waaronder ook die appellant, bygewoon is. Die gasheer en gasvrou was 'n egpaar. Sommige gaste is mondeling uitgenooi terwyl ander 'n skriftelike uitnodiging ontvang het. Laasgenoemde het die plek, datum en tyd (8.15 nm) van die "Party" aangedui en melding gemaak van "Dancing" en "Refreshments". Om 9.15 nm op die betrokke aand het speurders by die geselligheid besoek afgelê. By die appellant se verhoor is die speurders asook drie gaste as staatsgetuies opgeroep. Die getuienis van die speurders het nie veel lig op die aard van die verrigtinge gewerp nie. Die strekking van die getuienis van die gaste is soos

volg............

volg deur CENTLIVRES, HR (op 182F/G) opgesom:-

> "Their evidence was to the effect that the party was what may be described as an ordinary social gathering at which the guests conversed with one another and partook of refreshments. One of those witnesses stated that there was dancing after the detectives had left. There was nothing in their evidence to suggest that the occasion was used for the purpose of delivering speeches."

Rakende die begrip "gemeenskaplike doel voor oë" het CENTLIVRES, HR in die Kahn-saak hom op 184A/C soos volg uitgelaat:-

> "The words 'common purpose' are well known in the criminal law and connote that there is a purpose shared by two or more persons who act in concert to do something. There may be an express agreement between such persons to achieve some object or there may be an implied agreement to the same end. See Rex v Duma and Another, 1945 A.D. 410 at pp 414 and 415. Directors of a company who call a meeting of shareholders to consider resolutions affecting the company have a common purpose and if the appellant were to

attend......

> attend such a meeting he would be contravening sec 11(f) of the Act. Assassins who way-lay their intended victim in order to kill him also have a common purpose. In these cases the object which the persons concerned have in view is the purpose which those persons share in common with one another. It is interesting to note that the Shorter Oxford Dictionary gives as the first meaning of 'purpose' the following: 'the object which one has in view' and that the Afrikaans version of the definition of 'gathering' (the Afrikaans version of the Act was signed) conveys the same concept where it uses the words 'n (gemeenskaplike) doel voor oë.' Consequently if persons assemble in order to achieve some common object by concerted action such an assembly would be a gathering within the meaning assigned to that word in the Act."

By skuldigbevinding van die appellant in die Kahn-saak het die streeklanddros hom op die beslissing van hierdie hof in R v Sachs 1953(1) SA 392 (A) beroep. Met verwysing daarna het die streeklanddros in sy redes gesê:-

> "If......the contention of the defence, namely that there can be no 'common purpose' unless there is an object to be achieved by concerted action in the future, is correct, the attendance

of.......

> of the accused, Sachs, could not have been held to fall within the mischief aimed at by the section, inasmuch as the purpose of the meeting was merely to protest. There was no avowed object to be attained in the future."

Hieromtrent het CENTLIVRES, HR vervolgens in sy uitspraak (op 184F/185A) verklaar:-

> "I do not agree with the magistrate's reasons. In Sachs' case the common purpose of the meeting was to protest against the action of a Minister of State and that meeting was a gathering within the meaning of the Act because a number of persons hoped that by their concerted action a resolution of protest would be passed. That was the object which they had in view. In the case of a social gathering there is no intention to achieve anything by concerted action.
>
> In the present case the Crown failed to prove that any of those who were present at the party in the house of the Buntings desired by concerted action to achieve any object. The persons who were present at the party met together to enjoy a social evening and it cannot be inferred from the evidence which was led that any of them hoped by concerted action to achieve any object. When a person decides to accept an invitation

to .........

> to a social gathering he does so because he individually desires to attend for reasons of his own; there may be many different reasons which induce different persons to accept and there cannot be said to be an intention on the part of those present to act in concert. Every person present is at liberty to please himself in regard to speaking to others who are present."

(2) DIE LAN-SAAK

Kragtens die bepalings van Wet 44 van 1950 was die appellante, wat die sekretaresse van 'n vakunie van werkers in die vissersbedryf was, verbied om vir twee jaar enige byeenkoms in die land by te woon. In die landdroshof het die appellante op 'n aanklag van oortreding van art 11(h) saamgelees met art 9(1)(b) van Wet 44 van 1950 tereggestaan. Voor die aanvang van die verhoor het die appellante m b t die klagstaat die volgende nadere besonderhede aangevra:-

> "What was the nature of the said gathering and what common purpose did the gathering have?"

Hierop was die antwoord van die aanklaer:-

"The.........

> "The gathering was held in the open and the audience consisted chiefly of persons in the fishing industry at Stompneus Bay. The gathering is alleged to have been held for the purpose of discussing conditions appertaining to persons employed in the fishing industry."

Na afloop van die verhoor is die appellante skuldig bevind. Sy het sonder welslae na die Kaapse Provinsiale Afdeling appèl aangeteken en haar daaropvolgende appèl na hierdie hof het ook misluk. Met 'n beroep op die beslissing in die Kahn-saak het die appellante se advokaat aangevoer dat die klagstaat, soos deur die verstrekte nadere besonderhede aangevul, nie 'n misdaad openbaar het nie. Hierdie betoog is in die volgende woorde deur hoofregter CENTLIVRES afgemaak (op 251A/B):-

> "In that case (die Kahn-saak) it was held that the Crown had failed to prove that any of those who were present at the social party 'desired by concerted action to achieve any object' (p 184). In the present case the particulars do not in so many words allege a common purpose but they do allege that the gathering was attended chiefly

by............

> by persons employed in the fishing industry at Stompneus Bay and that it was held for the purpose of discussing conditions appertaining to persons employed in the fishing industry. In my opinion it is implicit from the particulars that the persons attending the gathering had a common interest and that they had the common purpose of discussing conditions of employment which applied to themselves."

Aan die woorde van sy uitspraak wat so pas hierbo aangehaal is, het die belese hoofregter egter die volgende passasie (waarna verder as "die Lan-dictum" verwys sal word) toegevoeg (op 251B):-

> "The object which they wished to achieve by their concerted action in attending the meeting was the discussion of their conditions of employment."

(3) DIE DUDLEY-SAAK

Die appellant was 'n deeltydse dosent in wiskunde aan die Kaapse Tegniese Kollege. Kragtens die bepalings van Wet 44 van 1950 was hy verbied om vir 'n tydperk van vyf jaar enige byeenkoms in die land by te woon. In die Kaapse Provinsiale Afdeling het die appellant sonder sukses 'n verklarende bevel

aangevra.........

aangevra dat gemelde verbod nie sy bywoning belet het nie van (a) byeenkomste van die kollege se studente wat byeengekom het om van die appellant onderrig te ontvang; en (b) bestuursvergaderings rakende die kollege se sake waarby die kollege se dosente teenwoordig is. Die Provinsiale Afdeling het beslis dat luidens Wet 44 van 1950 sowel samekomste (a) as samekomste (b) as "byeenkomste" aangemerk moet word. Teen die afwysing van sy aansoek het die appellant hom tot hierdie hof gewend. Sy appèl het gedeeltelik geslaag. Met betrekking tot die samekomste onder (b) hierbo genoem, was hierdie hof van oordeel dat die antwoord op die vraag of enige bepaalde bestuursvergadering van personeellede luidens Wet 44 van 1950 op 'n "byeenkoms", soos by Wet 44 van 1950 bedoel, neerkom, van die besondere verrigtinge by die vergadering sou afhang; en dat geen verklarende bevel ten opsigte daarvan sou deug nie.

Wat betref die samekomste onder (a) hierbo genoem, het die

appèl.............

appèl egter geslaag. Die bevel van die hof benede is gewysig deur die verlening van 'n verklarende bevel ten opsigte van (a).

By formulering van die toepaslike toets in die Dudley-saak het hoofregter STEYN (op 467H/468A) die volgende gesê:-

> "In Kahn's case (at p. 184) the Court ........ allowed the appeal because it had not been shown that any of those present at the social gathering there in question 'desired by concerted action to achieve any object'. This ratio decidendi was accepted and applied in Lan's case, and was not questioned by counsel for the respondent in the present appeal. It was common cause that the test to be applied is whether the persons gathered together, or some of them, have a common object which they intend or desire to achieve by concerted action."

Hierby aansluitend het STEYN, HR die begrip van gesamentlike optrede en die onontbeerlikheid van die bestaan van 'n oorsaaklike verband tussen die verwesenliking van die gemeen-

skaplike.......

skaplike oogmerk en die gesamentlike optrede ondersoek, en daarop gewys dat die Lan-dictum logies aanvegbaar is. Op 468A/E hêt die belese hoofregter soos volg opgemerk:-

> "In terms of the definition, the common purpose required, is the common purpose of those who constitute the gathering. It is what they have in mind when they are gathered together. Their minds must at that stage be directed towards a common object and they must contemplate its achievement by concerted action, i.e. concerted action in a causal relationship to the achievement of the common object. In Lan's case, which dealt with a meeting of employees called to discuss their conditions of employment, there is the following passage (at p 251):
>
> > 'The object which they wished to achieve by their concerted action in attending the meeting was the discussion of their conditions of employment.'
>
> As expressing the application of the recognized test to the facts, this passage is somewhat confusing and in my opinion the reference to concerted action in attending the

meeting..............

> meeting is clearly incorrect. As the concerted action is something which those forming the gathering must have in mind, their attendance as such cannot be the concerted action, except where they intend to achieve something, such as the obstruction of traffic, by the mere act of congregating. Lan's was not such a case. The discussions were, presumably, intended to serve some purpose, and the intended concerted action to achieve that purpose, whatever it was, could, I venture to think, more appropriately have been found in the discussions."

STEYN, HR het vervolgens (op 468E/H) die implikasies wat die samekoms in (a) hierbo genoem (studente in die lesingsaal wat van die appellant onderrig ontvang) inhou, bespreek. Hy het daarop gewys dat dit die oogmerk van elke sodanige student is om dieselfde onderrig van dieselfde dosent op dieselfde plek en tyd en d m v dieselfde lesing te ontvang. Voorts het die belese hoofregter (op 468H/469A) verklaar:-

> "I consider, therefore, that the students assembled in the classroom must be taken to be there with a common object.

But..........

> But that, according to the decisions mentioned (die Kahn-saak en die Lan-saak), is not enough. It is also necessary that they should be there with the intention of receiving instruction by their concerted action. That means that their minds must be consciously directed to concerted action, deliberately adopted or accepted by them as a means of achieving the object of receiving instruction or acquiring knowledge. If, apart from simultaneous attendance, they have no such action in mind, they have no common purpose in the sense contemplated by the Act."

In die Dudley-saak het die stukke geen aanduiding bevat dat die onderwysmetodes in die kollege se klasse aangewend enige gesamentlike optrede behels het nie. In die veronderstelling dat die studente ter verwerwing van kennis gedurende hul klasse nie doelbewus enige gesamentlike optrede vooropgestel het nie, het STEYN, HR die mening uitgespreek (op 469A/D) dat die hof nie aan studente wat in die lesingsaal byeengekom het, enige gemeenskaplike oogmerk, soos by Wet 44 van 1950 bedoel, kon toereken nie.

Met......

Met die oog op die feite in die onderhawige geval is dit dienstig om te let op ŉ verdere aspek wat in die uitspraak in die Dudley-saak aangesny is. Die respondent se advokaat in daardie saak het ter oorweging gegee dat die oogmerk en die voorgenome gemeenskaplike optrede nie soseer in die gemoedstoestand van die studente wat die klas bywoon, gesoek moet word nie, maar eerder in die gemoedstoestande van die studente en die dosent tesaam. Die studente wat kennis nastreef sou dan die gemeenskaplike oogmerk koester en (aldus die argument) die gemeenskaplike optrede sou dan te vinde wees in die oordrag van kennis deur die dosent aan die studente. Hierdie betoog het om verskillende redes nie by die hof ingang gevind nie. In verband daarmee het STEYN, HR (op 469E/H) opgemerk:-

> "But even if the receiving of instruction could pass as action for present purposes - which would depend upon some activity on the part of the students, other than mental effort alone - such a construction would bring within the scope of the

definition.........

definition a large variety of daily transactions at which the provisions of the Act could hardly have been aimed. In its ultimate analysis such a construction would be based upon the relationship of the lecturer to each student. Such a relationship is one which is of necessity of a supplementary nature, in the sense that the imparting of knowledge would be impossible without the receiving, and <u>vice versa.</u> That would mean that, two persons being sufficient for a gathering in terms of the Act, no two people could come together to conclude any bilateral transaction, in a shop or elsewhere, without forming such a gathering. In every such case it could be said that the object of the parties is to conclude a transaction, and that they intend doing so by the concerted supplementary actions required, in the case of a sale, for instance, by buying and selling and tendering and accepting delivery. That, I conceive, could not have been the intention. Such supplementary actions cannot in themselves be the concerted action required for a common purpose in terms of the definition."

Tot sover die <u>Dudley</u>- saak. Alvorens die <u>Ziggolo</u>-saak in oënskou geneem word, is dit in hierdie stadium nuttig om die redes wat aan die beslissings in die sake van <u>Kahn, Lan</u> en

<u>Dudley</u>......

Dudley ten grondslag lê, kortliks aan te stip. Samevattend, so kom dit my voor, kan gesê word dat met daardie drietal beslissings (maar miskien meer in besonder die Dudley-saak) hierdie hof die volgende grondstellings verkondig het:

(a) Die wesenskenmerk van 'n "byeenkoms" soos by Wet 44 van 1950 bedoel, word gevind in die bedoeling of begeerte van die persone wat byeenkom om deur gemeenskaplike optrede 'n gemeenskaplike oogmerk te bereik.

(b) Die bedoeling of begeerte van die aanwesiges moet gerig wees op 'n gemeenskaplike optrede as die middel of werktuig vir die verwesenliking van die gemeenskaplike oogmerk.

(c) Algemeen gesproke (maar onderhewig aan die uitsonderingsgeval wat in die Dudley-saak op 468D genoem word) kan die bedoeling of

begeerte......

begeerte van die aanwesiges om deur ŉ gemeenskaplike optrede ŉ doel te bereik nie uit die blote feit van samekoms afgelei word nie.

(d) Ten einde nie buite die <u>ratio</u> van Wet 44 van 1950 te gaan nie, en meer te verbied as wat die Wetgewer self wou verbied het, moet "byeenkoms" inkortend uitgelê word.

(4) <u>DIE ZIGQOLO-SAAK</u>

Kragtens die Wet op Oproerige Byeenkomste 17 van 1956 het die Minister van Justisie van 1 Oktober 1977 tot en met 31 Maart 1978 enige byeenkoms in die Republiek verbied. (Die verbod is onderhewig aan sekere uitsonderings wat nie by die beslissing in die <u>Zigqolo</u>-saak ter sprake kom nie.) In die vroeë oggendure van 1978 het ongeveer 150 - 200 Swart jeugdiges by die huis van wyle Robert Sobukwe in Graaf-Reinet ŉ lykwaak vir die oorledene bygewoon. Die lyk van die oorledene sou teen 6 of 7 vm by die huis aangekom het. Onder die aanwesiges was die 14 appellante, algar inwoners van Port Elizabeth. In die landdroshof het die appellante tereggestaan op ŉ aanklag dat hulle in stryd met

die...........

die bepalings van Wet 17 van 1956 ŉ byeenkoms bygewoon het. Die appellante is soos aangekla skuldig bevind. Hulle appèl na die Oos-Kaapse Afdeling het nie geslaag nie. Met verlof van daardie Afdeling het die appellant voor hierdie Hof in hoër beroep gekom. Die appèl is afgewys.

By die verhoor in die Ziggolo-saak het ŉ adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie wat Xhosa magtig is namens die Staat getuig. Hy was lid van ŉ polisie-span wat op die lykwaak toegeslaan het. Die aanwesiges is omsingel en diegene wat van Port Elizabeth gekom het, is in hegtenis geneem. Toe die polisie op die toneel verskyn het, het die aanwesiges in die Xhosa-taal liedere gesing. Volgens die staatsgetuie was hierdie liedere egter nie lofsange of troos-liedere nie maar veglustige vryheidsliedere wat die getuie as "erg opruiend en opswepend" bestempel het. Voordat die polisie daar weg is, het Swart vroue die gearresteerdes soos

volg..........

volg toegesing: "We are the mighty Blacks, we will kill the Whites." Die verweer sou wees dat die lykwaak nie luidens Wet 17 van 1956 'n "byeenkoms" was nie. Na afloop van die staatsaak het nie een van die appellante getuienis afgelê nie, maar is 'n man wat as huurder in Sobukwe se huis gewoon het, as verdedigingsgetuie opgeroep. Hy het getuig dat die jongmense wat die vorige nag voor die huis byeengekom het, aan hom vertel het dat hulle gekom het om 'n lykwaak by te woon. Die singery het om 8.30 nm begin maar die getuie het gaan slaap en eers weer wakker geword toe die polisie hul opwagting gemaak het. Die singery wat hy wel gehoor het, was lofliedere ter ere van die oorledene.

In sy redes vir uitspraak het die landdros verwys na die feit dat die appellante almal van Port Elizabeth gekom het met die doel om die lykwaak by te woon; en daaraan het hy toegevoeg (kyk op 55G/H in die verslag van die Ziggolo-saak):-

"Die.......

> "Die hof is tevrede dat daar wel 'n gemeenskaplike doel was. Die hof sê nie dat dit die enigste doel was nie. Die appellante is almal jong persone; hulle het almal blykbaar sonder hul ouers na die begrafnis van 'n man van 54 jaar oud gekom. Daar is vryheidsliedere gesing en dit is moontlik dat hulle 'n verdere gemeenskaplike doel kon gehad het, bv, om die ander persone op te sweep."

In sy uitspraak was die Oos-Kaapse Afdeing die mening toegedaan dat die blote samekoms om die lykwaak te hou, nie afdoende bewys van die bestaan van 'n gemeenskaplike doel gelewer het nie. In die loop van sy uitspraak (kyk op 56A in die verslag van die Ziqqolo-saak) het die Provinsiale Afdeling gesê:-

> "The magistrate was .....incorrect, in my view, in finding that the appellants attended a prohibited meeting merely because they met with others to hold a wake and to await the arrival of the body of the late Robert Sobukwe. They had a common intention in so doing of showing respect for the deceased, but by so doing, without more, their minds were not directed to the achievement of a common object by concerted action. Their 'attendance as such cannot be the concerted action.'"

In..........

In die lig van die aangevoerde getuienis was die Provinsiale Afdeling egter tevrede (kyk op 56B/C in die verslag van die Ziggolo-saak) dat die aanwesiges, of sommige onder hulle, die bedoeling gehad het om deur gemeenskaplike optrede 'n gemeenskaplike doel te bereik:

> "However, on the evidence mentioned above (die sing van vryheidsliedere), and in the absence of any explanation from the appellants, I am satisfied that the inference that the appellants and those gathered with them, or some of them, intended to achieve a common object by their concerted action may justifiably be drawn and that, in the circumstances of the case, it is the only inference which reasonably can be drawn. What is, perhaps, not easy to define, is the exact common object that those gathered intended to achieve by their concerted action in singing these songs. In my view it can best be said to be an intention to arouse the emotions of and to give expression to the political aspirations of those present while awaiting the body of one who had espoused such aspirations."

Met betrekking tot die wydlopige omskrywing van "byeenkoms" in Wet 17 van 1956 het hoofregter RUMPFF in die Ziggolo-saak

(op 57S/H).....

(op 57D/H) die vogende gesê:-

"In die onderhawige geval het mens nie met dubbelsinnigheid te doen nie. Die woorde 'byeenkoms van persone met 'n gemeenskaplike doel', is nie dubbelsinnig nie. Dit is net geweldig wyd. Ek moet my onmag erken om 'n bepaalde restriktiewe vertolking aan die hand te doen wat sou blyk uit die doel of samehang van die Wet, en wat as toetssteen in alle gevalle gebruik kan word. En tog moet 'n restriktiewe vertolking toegepas word of anders word resultate bereik wat die Wetgewer nooit kon bedoel het nie. As 'n man en 'n vrou 'n kind wil verwek en die natuurlike proses toepas om dit te doen, is daar 'n byeenkoms van twee persone met 'n gemeenskaplike doel en daar is ook 'n gemeenskaplike optrede om die doel te bereik. Net so goed is 'n trio met drie verskillende instrumente wat een komposisie speel, 'n byeenkoms van persone met 'n gemeenskaplike doel. Volgens hierdie Hof (die Dudley-saak te 470) is 'n byeenkoms van 'n groep onderwysers wat 'n vergadering hou 'to achieve some common object by discussion or by some other form of concerted action' 'n byeenkoms van persone met 'n gemeenskaplike doel luidens Wet 44 van 1950. 'n Byeenkoms van mense wat 'n diskussie wou aanhoor deur lede van 'n vakbond in verband met vakbondsake is volgens die Lan-saak supra 'n byeenkoms met 'n gesamentlike doel. Waar moet die lyn getrek word? Na my

mening.......

> mening moet die hof na die beste van sy vermoë oordeel of die byeenkoms van so 'n aard was dat, nieteenstaande die wye strekking van die woorde, tog, weens die werklike oogmerke wat uit die Wette blyk, dit onmoontlik die bedoeling van die Wetgewer kon gewees het om so 'n byeenkoms te laat belet. In so 'n geval sou die Wette nie geld nie, al is die byeenkoms een van persone met 'n gemeenskaplike doel. Van toepassing hier is die bekende saak van Venter v R 1907 TS 910 ......."

In die loop van sy uitspraak in die Ziggolo-saak het RUMPFF, HR (op 58D/G) die redenering van STEYN, HR in die Dudley-saak ondersoek en bespreek. Daarna het die belese hoofregter etlike menings uitgespreek oor die trefwydte van "byeenkoms" soos in Wet 17 van 1956 omskrywe; en het hy 'n aantal voorbeelde genoem van samekomste van persone wat na sy oordeel klaarblyklik binne die kader daarvan sou val:-

> "Na my mening is 'n skoolklas 'n byeenkoms van leerlinge wat wel 'n gemeenskaplike doel het, nl om gemeenskaplike onderrig te ontvang. Die doel van die leerlinge is nie om individueel onderrig te ontvang nie. Hulle weet dat hulle gesamentlik gaan luister......."
>
> (op 58G/H)

en.........

en weer:

> "Na my mening is 'n byeenkoms van persone wat gesamentlik wil luister, sing, bid of oor 'n bepaalde onderwerp praat, 'n byeenkoms van mense met 'n gemeenskaplike doel luidens Wet 17 van 1956. Dergelike byeenkomste is byeenkomste van mense met die doel om gesamentlik iets te doen buite en behalwe die blote byeenkoms."
>
> (op 59A/B)

en weer:

> "'n Byeenkoms van mense om 'n toespraak aan te hoor of iemand te verwelkom is m i by uitstek voorbeelde van byeenkomste wat wel bedoel is om deur 'n verbod getref te word. Die 'concerted action' is die gesamentlike luister. Net so goed as om te kyk 'n handeling is, is om te luister 'n handeling. Die handeling word nog duideliker as daar gepraat word van 'afloer' en 'afluister'." (op 59G/H)

In die slotparagraaf van sy uitspraak (op 59G/60A) het RUMPFF, HR hom soos volg uitgelaat:-

> "Al sou in die onderhawige saak die appellante byeengekom het net om geestelike liedere te sing, sou daar na my

mening......

> mening 'n byeenkoms gewees het van mense met 'n gemeenskaplike doel luidens die bepaling van Wet 17 van 1956. Die appèl word afgewys."

In die hof a quo het PUCKRIN, Wn R dit lastig gevind om die Ziggolo-uitspraak met die beslissings in die voorafgaande sake van Kahn, Lan en Dudley te versoen. Die belese regter het (op 908G) tot die volgende gevolgtrekking geraak:-

> "In my view it is an inescapable conclusion that RUMPFF, CJ, impliedly at least, overruled the rationes of the earlier three judgments mentioned and that the interpretation placed on the definition of 'gathering' in Ziggolo's case supra is therefore binding on me."

Bygevolg het PUCKRIN Wn R in die eerste plek op die Ziggolo-saak gesteun vir sy bevinding dat luidens art 1 van Wet 74 van 1982 die konsert op 'n "byeenkoms" neerkom. Die hof a quo het egter verder gegaan en bevind dat selfs by toepassing van die toetse in die sake van Kahn, Lan en Dudley voorgeskryf die konsert deur die verbod geraak word. In dié verband het die

hof.....

hof a quo (op 909I/910B) die volgende redes aangevoer:-

> "Even if I am incorrect in my interpretation of the judgment in Ziggolo's case, supra, I am of the view that the concert in issue constitutes a 'gathering' of persons with a 'common purpose' on the basis of the interpretation placed on these phrases in the Dudley, Kahn and Lan cases supra. It appears to me that the persons who would have attended the concert would have had the common purpose, at least, of raising money for the fund to be established for the South African Musicians' Alliance. Furthermore, the musicians would clearly have had the common purpose of providing entertainment for their audience."

By beoordeling van die appèl teen die bevel van die hof a quo ontstaan allereers die vraag of hy korrek was by sy bevinding dat die Ziggolo-saak die beslissings van hierdie hof in voormelde drie sake omvergewerp het. Na my beskeie oordeel is dusdanige bevinding onjuis. Dat daar in die Ziggolo-saak uitlatings voorkom wat op die oog af met die beslissings in gemelde drietal gewysdes teenstrydig is, staan

vas. .......

vas. Dit beteken egter nie sonder meer dat die gesag van die drietal gewysdes ongedaan gemaak is nie. Dit is oorbekend dat hierdie hof homself aan sy vorige beslissings gebonde beskou tensy die gewraakte beslissing of beslissings op 'n klaarblyklike vergissing berus of duidelik verkeerd blyk te wees. Kyk: Bloemfontein Town Council v Richter 1938 AD 195 op 232. Uiteraard bring dit mee dat omverwerping deur groot omsigtigheid gekenmerk word. Dit lê eweseer voor die hand dat, wanneer 'n vorige beslissing omvergewerp word dit gewoonweg onomwonde en in onmiskenbare woorde gekonstateer word. Nou val dit onmiddellik op dat die uitspraak in die Ziggolo-saak nêrens uitdruklik voorgee om enigeen van die voorafgaande drie beslissings omver te werp nie.

Daar is egter 'n verdere faktor in die saak wat op sigself lotsbepalend is. PUCKRIN, Wn R het weliswaar bevind dat in die Ziggolo-saak RUMPFF, HR -

".....impliedly.....

> "....impliedly at least, overruled the rationes of the three judgments mentioned."

Maar om 'n grondige rede, so meen ek, kan daar hier in alle geval nouliks enige sprake van selfs versweë omverwerping wees. Daardie uitlatings in die Ziggolo-saak wat met die drietal gewysdes (en meer in besonder die Dudley-saak) onbestaanbaar skyn te wees, is menings wat obiter uitgespreek is. Gesien die feite in die Ziggolo-saak was die geskilpunt vir beslegting of 'n samekoms van persone wat opruiende liedere gesing het om die veglus aan te wakker deur die omskrywing van "byeenkoms" in Wet 17 van 1956 getref is. Vir die doeleindes van sodanige beslissing, so meen ek, was elkeen van die menings uitgespreek oor hipotetiese samekomste bloot terloopse opmerkings wat met die afwysing van die appèl nie regstreeks verband gehou het nie; en wat nie as deel van die ratio decidendi aangemerk kan word nie. Onder die rubriek van obiter dicta

ressorteer.......

ressorteer na my oordeel die volgende stellings in die <u>Ziggolo</u>-saak wat nie op die wesenlike feite van die besondere geval baseer is nie: die menings betreffende 'n skoolklas (op 58G/H); 'n samekoms van persone wat gesamentlik wil luister, sing, bid of oor 'n bepaalde onderwerp praat (op 59A/B); 'n samekoms om 'n toespraak aan te hoor of iemand te verwelkom (op 59G/H); en 'n lykwaak waarby die aanwesiges net geestelike liedere sing (op 59G/60A). Bovermelde stellings is na my eerbiedige oordeel bloot oorredend en nie gesaghebbend nie. Op die eerste vraag wat by die appèl ontstaan, is die slotsom derhalwe dat die hof <u>a quo</u> aan die toetse aangedui in die sake van <u>Kahn</u>, <u>Lan</u> en <u>Dudley</u> gebonde was.

Ten slotte moet oorweeg word of die hof <u>a quo</u> gelyk het in sy bevinding dat selfs by toepassing van gemelde toetse die konsert deur die verbod geraak word. Wat betref aspirant-konsertgangers het PUCKRIN, WnR as standpunt gestel dat hulle

die...........

die konsert sou bywoon ten minste met die gesamentlike oogmerk om geldinsameling ten bate van SAMA te bevorder. Realisties beskou, so wil dit my voorkom, sou geldinsameling (ten bate van wie ookal) eerder ŉ dryfveer by die aanbieders van die konsert as by aspirant-konsertgangers wees. Maar selfs in die veronderstelling dat konsertgangers ŉ gemeenskaplike oogmerk sou koester om SAMA geldelik te ondersteun, sou daardie oogmerk reeds by betaling van toegangskaartjies verwesenlik word. Bywoning van die konsert geskied eers na sodanige betaling.

Die voor die hand liggende oogmerk van ŉ musiekliefhebber wat ŉ musiek-konsert bywoon, is om na musiek te luister. Die verwesenliking van daardie oogmerk sou na my mening egter nie op enige gesamentlike optrede aan die kant van die gehoor by die konsert aangewese of gerig wees nie. Die byeengekome konsertgangers luister wel saam na die musiek wat aangebied word, maar die oorheersende feit bly nietemin dat elke lid van

die............

die gehoor op sy eie luister. In hierdie verband is daar 'n verdere vraag wat na vore tree. Of vir doeleindes van die onderhawige ondersoek die aanhoor van musiek hoegenaamd as 'n "handeling" aangemerk kan word, val m i te betwyfel. Vgl die reeds-aangehaalde opmerkings van STEYN, HR m b t "the receiving of instruction" in die Dudley-saak op 469 E/H. Maar selfs in die veronderstelling dat die luister na musiek wel op 'n "handeling" neerkom, kan die hele gehoor se luister na musiek na my mening nie aan 'n gesamentlike optrede gelykgestel word nie. Die behae wat elke lid van die gehoor in die musiek skep, vloei uit sy eie en afsonderlike gewaarwording van klankgolwe. Die vermenigvuldiging van sodanige individuele en onafhanklike handelinge kan hulle nie tot 'n gesamentlike optrede verhef nie. Om bostaande redes is ek van mening dat ten opsigte van die lede van die gehoor by die konsert die onmisbare element van gesamentlike optrede ontbreek.

Dit.........

Dit is egter onnodig om hieroor verder uit te wei.

Die hof a quo se bevinding dat, selfs by aanwending van die toetse in die sake van Kahn, Lan en Dudley aangedui, die konsert deur die verbod getref word, is na my mening uit hoofde van die hiernagenoemde oorwegings aanvegbaar. PUCKRIN, Wnd R het tot daardie gevolgtrekking geraak nadat hy die bedoelings of begeertes (a) van die gehoor en (b) van die kunstenaars, afsonderlik en los van mekaar beoordeel het. Langs hierdie weg het die belese regter beslis dat een besondere gemeenskaplike oogmerk (geldinsameling ten bate van SAMA) by die gehoor sou bestaan, terwyl ŉ ander besondere gemeenskaplike oogmerk (om die gehoor te vermaak) by die kunstenaars aanwesig sou wees. Inbegrepe by dusdanige benadering is ŉ veronderstelling, so kom dit my voor, dat die hof in casu eintlik met twee afsonderlike samekomste van persone te make het. Na my oordeel is gemelde veronderstelling ongegrond en onjuis.

Afgesien........

Afgesien van statutêre omskrywings wat in ons wette voorkom, is "byeenkoms" in gewone taal 'n woord met 'n breë begripsinhoud. Ofskoon die bestaan van selfstandige subgroepe binne die kader van 'n enkele "byeenkoms" konsepsueel goed denkbaar is, omvat die woord "byeenkoms" nietemin intrinsiek 'n eenheidsbegrip. Vir doeleindes van die ondersoek na die bestaan van 'n gemeenskaplike oogmerk by die persone wat in die onderhawige geval die konsert sou bywoon, is dit na my beskeie mening sowel kunsmatig as logies verkeerd om enersyds die gehoor en andersyds die kunstenaars as opsigselfstaande onderdele van die byeenkoms te beskou. By nasporing van 'n gemeenskaplike oogmerk, soos by art 1 van Wet 74 van 1982 bedoel, behoort die konsert m i vir 'n enkele en ondeelbare samekoms aangesien te word. Wat hier onder die vergrootglas geplaas moet word, so meen ek, is die bedoelings en begeertes van 'n mensemassa waarin die gehoor en die kunstenaars

onafskeidelik .........

onafskeidelik aan mekaar verbonde is. By sodanige ondersoek moet 'n hof verder gedagtig wees aan die vermaning van STEYN, HR in die Dudley-saak (op 469H) dat bedrywighede wat bloot 'n bykomstige of ondergeskikte rol vertolk ("supplementary actions") -

> "...cannot in themselves be the concerted action required for a common purpose in terms of the definition."

By bostaande benadering verloor ek nie uit die oog nie die toets soos in die Dudley-saak (op 468A) geformuleer -

> ".....whether the persons gathered together, or some of them, have a common object which they intend or desire to achieve by concerted action."
> (My onderstreping)

Met die onderstreepte woorde in die aanhaling hierbo sou hoofregter STEYN, na my eerbiedige mening, nouliks te kenne wou gegee het dat by aanwending van die toets die aard en wese van die betrokke samekoms misken mag word. Die

onderstreepte ........

onderstreepte woorde dui hoofsaaklik daarop, so meen ek, dat vir die bestaan van 'n gemeenskaplike oogmerk by die persone wat byeenkom daar nie as voorvereiste gestel word dat ieder en elke aanwesige gemelde oogmerk moet deel nie. In die geval van 'n verbode byeenkoms is dit trouens onnodig dat die beskuldigde self die vereiste gemeenskaplike oogmerk moet deel. Dienaangaande het hoofregter CENTLIVRES hom in die Kahn-saak (op 183F/G) soos volg uitgelaat:-

> "All that the Crown need prove is that the gathering falls within the statutory definition and that the accused attended the gathering. If, for instance, the accused attended such a gathering with no fixed purpose of his own but merely out of idle curiosity he would nevertheless be guilty of a contravention of sec. 11(f) and it would make no difference whether the common purpose of those present were lawful or unlawful."

In.....

In die onderhawige geval is dit na my mening nodig om die hele mensemassa wat die konsert sou daarstel oorkoepelend te beskou; en om eers daarna in die lig van al die heersende omstandighede die vraag te stel of die aanwesiges as 'n groepsentiteit 'n gemeenskaplike oogmerk sou deel. Wat betref die kunstenaars as een samestellende element van die konsert, kan geredelik aanvaar word dat al die lede van die orkeste 'n gemeenskaplike oogmerk sou deel om vermaak te verskaf; en insgelyks dat daardie oogmerk deur gesamentlike optrede by die voordrag van musiekstukke verwesenlik sou word. Sodanige gemeenskaplike oogmerk en gesamentlike optrede is egter nie die oogmerk en optrede van die konsert nie. Dat die wesensaard van die samekoms, as geheel gesien, van kardinale belang is, kan met byhaal van 'n menigte denkbeeldige situasies tuisgebring word. Hier kan met 'n enkele voorbeeld volstaan word. Veronderstel die hou van 'n

gelligheid........

geselligheid van dieselfde aard en wese as dié waaroor dit in die Kahn-saak gegaan het. Veronderstel daarby ook die volgende: dat drie van die genooide gaste vooraf saamspan om by die geselligheid van hul gasvrou se silwer tafelgerei te steel; en dat speurders wat op die geselligheid toeslaan die drie diewe op heterdaad betrap. Hier behoef dit na my mening geen betoog dat die gemeenskaplike oogmerk en die gesamentlike optrede van die drie diewe nouliks tot gevolg het dat die byeenkoms deur die bepalings van Wet 44 van 1950 getref word. In weerwil van die diewe se gemeenskaplike oogmerk en gesamentlike optrede behou die byeenkoms sy essensiële en onmiskenbare aard as blote geselligheid. Om 'n ander siening na te hou, so kom dit my voor, sou 'n potsierlike uitleg van "byeenkoms" meebring wat in die woorde van STEYN, HR in die Dudley-saak (op 469F):-

"....would .......

> "....would bring within the scope of the definition a large variety of daily transactions at which the provisions of the Act could hardly have been aimed."

Die feite wat die regter in die hof a quo vir doeleindes van die aansoek aanvaar het, bied na my beskeie oordeel geen behoorlike ruimte vir enige bevinding dat die aanwesiges by die konsert, d w s die gehoor en die kunstenaars tesame as eenheidsgroep beoordeel, enige bepaalde gemeenskaplike oogmerk sou koester nie. PUCKRIN, Wnd R het hom dan ook van enige sodanige bevinding weerhou. By ontstentenis van sodanige bevinding het die hof a quo na my mening ten onregte beslis dat die konsert deur die verbod geraak word.

Die appèl slaag met koste, welke koste dié van twee advokate insluit. Die bevel van die hof a quo word deur die volgende bevel vervang:-

"The .........

"The application succeeds with costs, such costs to include the costs consequent upon the employment of two counsel. A declaratory order is granted in terms of paragraph 2.1 of the applicant's notice of motion dated 23 February 1989."

G G HOEXTER, AR

MILNE, AR )<br>NICHOLAS, Wnd AR ) Stem saam

150a/89

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

APPèLAFDELING

In die saak tussen

ELLISPARK STADION BEPERK APPELLANT

en

DIE MINISTER VAN JUSTISIE RESPONDENT

CORAM : HOEXTER, HEFER, VIVIER, MILNE ARR et NICHOLAS WRN AR.

AANGEHOOR : 5 SEPTEMBER 1989.

GELEWER : 24 NOVEMBER 1989.

---

UITSPRAAK DEUR J J F HEFER AR.

HEFER AR :

Ek het die voorreg gehad om die uitspraak van my ampsbroeder HOEXTER te bestudeer. Weens die redes in die uitspraak genoem, is ek dit met hom eens dat die vraag of 'n bepaalde samekoms van persone 'n "byeenkoms" is soos bedoel in art 46(3) (a) van Wet 74 van 1982,beoordeel moet word aan die hand van die toets geformuleer in R v Kahn 1955(3) S A 177 (A) op 184 C-D. Ek verskil met eerbied egter van sy sienswyse dat die beoogde konsert in die onderhawige geval nie so 'n byeenkoms was nie.

Die doel van die konsert blyk uit die volgende aanhaling uit 'n brief van appellant se bestuurder aan die hooflanddros:

"Network Productions en Run Run Artist Management het Ellispark Stadion Beperk genader om 'n konsert aan te bied tot voordeel van SAMA - the South African Musicians Alliance.

SAMA is 'n veelrassige musiek organisasie wie se hoofdoel is om om te sien na die belange van Suid-Afrikaanse musikante. SAMA is besig om mediese-fondse, pensioenfondse, assuransie vir musiekinstrumente en ander fasiliteite, wat musikante benodig op die been te bring.

As deel van SAMA se betrokkenheid tot die konsert en die finansiële voordeel wat SAMA uit die konsert trek het die musikante besluit om gratis by die konsert op te tree.

Daar word deur die aanbieders van die konsert gepoog om die konsert een van die kulturele hoogtepunte van die jaar te maak. Daardeur kan die inwoners van Suid-Afrika en die internasionale musiekmark gewys word tot in hoe 'n mate Suid-Afrikaanse musiek vooruitgegaan het en dit kan moontlik weer lei tot geleenthede vir Suid-Afrikaanse musikante om die nodige internasionale erkenning te ontvang."

In ander briewe meld appellant se bestuurder dat 'n toegangsfooi van R12 per persoon gehef sou word, dat 75 000 tot 120 000 geesdriftiges by die konsert verwag is en dat buitelandse pers- en televisiespanne ook teenwoordig sou wees.

In die lig van hierdie mededelings moet aanvaar word dat die organiseerders en die kunstenaars wat daaraan sou deelneem die konsert geensins as blote vermaak beskou het nie maar die gemeenskaplike oogmerk gehad het om deur hulle gesamentlike optrede geld in te samel vir SAMA en om die bemarking van Suid-Afrikaanse musiek en die belange van plaaslike musikante te bevorder. Dit geld vir die voorgenome deelnemers as geheel sowel as vir elke

orkes of groep wat sou deelneem.

Die rede vir my verwysing na die gemeenskaplike oogmerk en die gesamentlike optrede van die voorgenome deelnemers en lede van orkeste of groepe is dat ek nie saamstem met my kollega se sienswyse dat dit by die toepassing van die Kahn toets in die huidige geval gaan oor die oogmerke en optrede van die deelnemers en die gehoor as 'n geïntegreerde geheel nie. Bondig gestel is my standpunt dat die deelnemers - en elke afsonderlike orkes of groep wat aan die konsert sou deelneem - op sigself 'n byeenkoms sou vorm soos in art 46(3) (a) bedoel en dat dit nie ter sake is dat hulle in teenwoordigheid

van 'n gehoor sou optree nie, selfs al word aanvaar, soos ek argumentshalwe bereid is om te doen, dat die gehoor nie dieselfde gemeenskaplike oogmerk sou hê nie en ook nie aan die verrigtinge sou deelneem anders as om uit loutere genot na die musiek te luister nie. Waarom ek nie my kollega se sienswyse ondersteun nie blyk uit wat volg.

As uitgangspunt moet in gedagte gehou word dat die respondent, op twee uitsonderings na (waaronder die konsert nie tuishoort nie), alle buitelug-byeenkomste ooreenkomstig art 46(3) (a) verbied het. Vanselfsprekend was dit dus vir enige orkes verbode om 'n uitvoering in die buitelug te hou indien dit 'n "byeenkoms" sou uitmaak.

Uiteraard kan 'n orkesuitvoering slegs by wyse van gesamentlike optrede deur die musikante geskied; daarom sal so 'n uitvoering aan die definisie en aan die toets in die Kahn saak voldoen indien die orkeslede 'n gemeenskaplike oogmerk met die uitvoering het. Ek het reeds verwys na die gemeenskaplike oogmerk van die orkeslede in die onderhawige geval en die gevolgtrekking is onvermydelik dat, indien hulle, met hierdie doel voor oë, 'n buitelug-uitvoering in die afwesigheid van 'n gehoor sou lewer, hulle sou deelneem aan 'n verbode byeenkoms. Elke keer wat die lede van die orkeste bv byeengekom het om hulle stukke in te oefen, het hulle (hoewel hulle oogmerk ietwat anders dog steeds gemeenskaplik was), 'n byeenkoms

soos gedefineer gevorm en, sou hulle 'n kleedrepitisie sonder gehoor op Ellispark gehou het, sou hulle ongetwyfeld 'n verbode byeenkoms gevorm het.

Die essensiële verskil tussen my standpunt en dié van my kollega word geïllustreer deur die volgende voorbeeld van wat denkbaar by die konsert kon gebeur het. Veronderstel een van die orkeste het die betrokke dag in die stadion begin speel voordat daar 'n gehoor was. Gesien die gemeenskaplike oogmerk en gesamentlike optrede van die orkeslede, val dit nie te betwyfel nie dat hulle op daardie stadium 'n byeenkoms sou gevorm het soos in art 46(3) (a) bedoel. Trouens, hulle sou so 'n byeenkoms gevorm het die oomblik toe hulle bymekaar gekom het

en nog voordat hulle begin speel het (vgl R v Lan 1956(2) S A 246 (A) op 252 D). Veronderstel verder dat persone wat deur die musiek gelok is daarna die terrein sou binnekom en daar vertoef en luister. Word vereis dat die byeenkoms as 'n geïntegreerde geheel 'n gemeenskaplike oogmerk moet hê, moet die resultaat van die verskyning op die toneel van 'n gehoor noodwendig wees dat, aangesien die byeenkoms nie langer slegs uit die orkeslede bestaan nie en die oogmerk van orkes en gehoor verskillend is, dit nie langer aan die Kahn toets voldoen nie en dat die tot dusver onwettige byeenkoms nie langer deur die verbod geraak word nie. Myns insiens is dit nie die geval nie en verskil die gepostuleerde situasie geensins van die

een wat CENTLIVRES HR in die Kahn saak genoem het in die passasie op 183 F-G wat deur my kollega aangehaal is nie.

Ek gaan een verdere voorbeeld gebruik om die onvermydelike resultaat van die vereiste van 'n gemeenskaplike oogmerk by 'n byeenkoms as geheel te illustreer. Veronderstel 'n groep politieke heethoofde sou, met die oog op die aanblaas van vyandigheid en die uitlokking van geweld, stelling inneem op 'n plek waar daar gewoonlik 'n toeloop van mense is en daar opruiende toesprake sou hou wat een van die bevolkingsgroepe erg te na kom. Ongetwyfeld moet so 'n groep beskou word as 'n byeenkoms soos in art 46(3) (a) bedoel en, in ag genome dat die bepaling gemik is oa op die handhawing van die openbare rus en die voorkoming van

vyandigheid tussen die bevolkingsgroepe, is 'n verbod daarkragtens klaarblyklik van toepassing (vgl S v Siggolo en Andere 1980(1) S A 49 (A) op 57 H). Word die vereiste van 'n gemeenskaplike oogmerk by 'n ooreenkoms as geheel egter gestel, sal aan die Kahn-toets slegs voldoen word solank daar niemand is wat na die toesprake luister nie, sed aliter wanneer daar 'n samedromming van toehoorders is en wanneer, ironies genoeg, die moontlikheid van 'n verstoring van die openbare rus wesenlik is.

Die gedagte van 'n gemeenskaplike oogmerk en gesamentlike optrede by 'n byeenkoms as geheel, wat impliseer dat die gemeenskaplike oogmerk en gesamentlike optrede van al diegene wat aktief daaraan deelneem misken

word bloot op grond van die aanwesigheid van 'n aantal passiewe toehoorders of toeskouers met geen besondere of geredelik identifiseerbare oogmerk en wat niks tot die verrigtinge bydra nie, is vir my, met eerbied, geheel onaanneemlik. So 'n vereiste verg 'n vertolking van art 46(3) (a) wat myns insiens beswaarlik bedoel kon gewees het. Ek glo ook nie dat STEYN HR in Dudley v Minister of Justice 1963(2) S A 464 (A) op 468 A om dowe neute die toets geformuleer het met verwysing na die gemeenskaplike oogmerk van "the persons gathered together, or some of them," of dat hy daardeur bloot te kenne wou gee dat dit nie 'n vereiste is dat ieder en elke aanwesige dieselfde oogmerk moet hê nie. Dat dit so is, is vanself-

sprekend en dit skep 'n wesenlike logiese probleem by die toepassing van die vereiste van 'n gemeenskaplike oogmerk by die byeenkoms as geintegreerde geheel. As die byeenkoms nie letterlik uit al die aanwesiges bestaan nie, uit wie bestaan dit dan? My kollega se antwoord skyn te wees dat dit gaan om die essensiële aard van die byeenkoms. Ek begryp met eerbied egter nie watter rol die aard van 'n byeenkoms kan speel anders as om in 'n besondere geval by wyse van afleiding te bepaal of die aanwesiges 'n gemeenskaplike oogmerk kon gehad het en, indien wel, wat dit was nie. Dit bied geen antwoord op die vraag hoe 'n geval benader moet word waar sommige aanwesiges inderdaad 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het wat nie aan die ander

toegedig kan word en wat moontlik nie inpas by die aard van die byeenkoms as geheel nie. Indien die speurders in die Kahn saak by hulle aankoms by die beskuldigde se huis bv 'n aantal gaste sou betrap het wat onder die destydse art 5(1) (e) van Wet 44 van 1950 verbied was om enige byeenkoms by te woon, terwyl hulle besig was om hulle politieke bedrywighede gesamentlik te beplan, en dit verder sou blyk dat die betrokke gaste vooraf afgespreek het om dit te doen, bied die essensiële gesellige aard van die byeenkoms as geheel nie 'n antwoord op die vraag of hulle die verbod oortree het nie. Volgens my benadering het hulle wel.

Myns insiens het die hof a quo in die onderhawige

saak die korrekte bevel gemaak en moet die appèl van die hand gewys word.

J J F HEFER AR.

VIVIER ) STEM SAAM.